CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

# REËLS VIR DIE BEDRYF VAN WYKSKOMITEES IN DIE METROPOLITAANSE GEBIED VAN DIE STAD KAAPSTAD

**GOEDGEKEUR DEUR DIE RAAD : 27 JANUARY 2022**
**C23/01/22**

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.

# REËLS VIR DIE BEDRYF VAN

# WYKSKOMITEES IN DIE METROPOLITAANSE

# GEBIED VAN DIE STAD KAAPSTAD

GOEDGEKEUR DEUR DIE RAAD: 27 JANUARY 2022

C23/01/22

**WOORDOMSKRYWINGS**

In hierdie reëls, tensy uit die samehang anders blyk, het die volgende woorde en frases die betekenis wat hieronder aan hulle toegewys word:

**Begroting**: beteken die jaarlikse begroting wat deur die Raad goedgekeur is.

**Gemeenskap**: beteken die inwoners van 'n wyk of daardie organisasies wat 'n belang by die wyk het.

**GOP**: beteken die geïntegreerde ontwikkelingsplan wat deur die Raad goedgekeur is.

**Komitee**: beteken die wykskomitee.

**Lid**: beteken die lid van 'n wykskomitee.

**Prestasiebestuurstelsel**: beteken die stelsel wat deur die Raad goedgekeur en aanvaar is en wat die Raad in staat stel om sy prestasie te meet.

**PR-raadslid**: beteken die persoon wat deur 'n politieke party verkies is vanuit die lys van kandidate wat daardie party verteenwoordig.

**Raad**: beteken die metropolitaanse munisipaliteit van die Stad Kaapstad.

**Speaker**: beteken die speaker van die Stad Kaapstad.

**Stadsbestuurder**: beteken die hoof van die administrasie en rekenpligtige beampte wat ingevolge artikel 82 van die Strukturewet deur die Raad aangestel is.

**Strukturewet**: beteken die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998).

**Subraad**: beteken 'n subraad van die Stad Kaapstad gestig ingevolge artikel 61 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Strukture en die Stad Kaapstad: Verordening op Kaapstad-subrade 2003.

**Voorsitter**: beteken die wyksraadslid of die persoon wat as voorsitter vir die vergadering in sy of haar afwesigheid verkies is.

**Wyksraadslid**: beteken die persoon wat verkies is om die wyk te verteenwoordig.

1. EERSTE VERGADERING

   1.1 Die eerste vergadering van die wykskomitee moet op 'n datum en tyd en by 'n plek plaasvind wat deur die stadsbestuurder bepaal word, en die stadsbestuurder moet in die media kennis gee van die plek, datum en tyd.

   1.2 Die stadsbestuurder moet punte vasstel wat op die agenda vir die eerste vergadering ingesluit moet word.

2. ROL EN FUNKSIES VAN WYKSKOMITEES/WYKSKOMITEELEDE

   2.1 'n Wykskomitee/wykskomiteelid kan deur middel van 'n verslag of die indiening van 'n mosie:
      - by die wyksraadslid, of
      - deur die wyksraadslid by slegs die betrokke subraad, raadslid of uitvoerende burgemeester,

      aanbevelings doen oor enige saak wat die wyk raak.

   2.2 'n Wykskomitee/wykskomiteelid het die volgende funksies:

      2.2.1 Om as 'n advieskomitee vir die wyksraadslid op te tree;
      2.2.2 Om 'n hulpbron te wees deur middel waarvan die strukture van die Raad oorleg kan pleeg met en die gemeenskap se menings oor enige saak wat hulle nodig ag, kan inwin;
      2.2.3 Om insette te lewer oor enige saak wat die wyk mag raak;
      2.2.4 Om die subraad behulpsaam te wees om die behoeftes van die gemeenskap te verstaan en te identifiseer;
      2.2.5 Om die Raad behulpsaam te wees met die formulering van die begrotingsvoorstelle wat op die wyk betrekking het;
      2.2.6 Om dienslewering in die wyk te moniteer en daaroor verslag te doen;
      2.2.7 Om as 'n gestruktureerde kanaal van kommunikasie tussen die subraad en die gemeenskap te dien;
      2.2.8 Om die Raad behulpsaam te wees met die uitvoering van sy openbaredeelname-mandaat op die volgende gebiede:
         - GOP
         - Munisipale verordeninge
         - Begroting
         - Beleidsformulering
         - Prestasiebestuurstelsel
      2.2.9 Om inligting rakende munisipale aangeleenthede onder die gemeenskap te versprei;
      2.2.10 Om die subraad behulpsaam te wees met die ontwikkeling van kapasiteit in die gemeenskap;
      2.2.11 Om die gemeenskap aan te moedig en in staat te stel om daadwerklik by bestuurskwessies van die Raad betrokke te raak wat op die wyk betrekking het;

2.2.12 Om die ontwikkeling van 'n vennootskap en 'n gevoel van gesamentlike regeringsbestuur tussen die Raad en gemeenskap aan te moedig en moontlik te maak.

3. FREKWENSIE VAN VERGADERINGS

3.1 'n Wykskomitee moet jaarliks minstens ses vergaderings hou waar daar 'n kworum is. Geen vergaderings mag geskeduleer word om tydens die Raadsreses plaas te vind nie.

3.2 Vergaderings word deur die wyksraadslid belê behalwe in 'n geval waar minstens 50% van die lede 'n skriftelike versoek aan die wyksraadslid gerig het met die versoek dat 'n vergadering belê moet word.

3.3 Indien daar nie 'n kworum by 'n vergadering is nie, moet die voorsitter met die vergadering voortgaan vir die lede wat teenwoordig is en die vergadering as 'n informele vergadering registreer. Die aanbevelings wat tydens die informele vergadering aangeneem is, moet vir aanneming na die herskeduleerde wykskomiteevergadering verwys word.

4. GEDRAGSKODE

Lede is onderworpe aan die gedragskode vir wyksraadslede (C19A/10/16).

5. VERANTWOORDBAARHEID

Lede is verantwoordbaar teenoor:

5.1 Die Raad, al sy strukture en

5.2 Die onderskeie sektore wat hy/sy verteenwoordig.

5.3 Met die oop op die vervulling van sy of haar verantwoordbaarheidslas moet 'n wykskomiteelid met die sektore vergader om oor aanbevelings van die wykskomitee verslag te doen .

5.4 Hy/sy moet op 'n kwartaallikse grondslag 'n skriftelike verslag met breedvoerige terugvoering aan sy/haar kiesers aan die wykskomitee voorlê, in ooreenstemming met 5.2 hierbo.

6. VERGOEDING

6.1 Geen vergoeding is aan lede betaalbaar nie.

6.2 Lede is geregtig op die betaling van 'n bedrag wat van tyd tot tyd deur die Raad goedgekeur word vir uitgawes waarvoor hulle self betaal het. Betaling geskied deur middel van 'n elektroniese fondsoorplasing (EFT) in 'n bankrekening slegs in die naam van sodanige wykskomiteelid.

7. KWORUM VAN VERGADERINGS EN BESLUITE

7.1 Die wyksraadslid is die voorsitter van die vergadering en sit voor by die vergadering.

7.2 Indien die voorsitter van die vergadering afwesig is, moet die lede 'n voorsitter uit hulle geledere verkies om vir daardie vergadering as voorsitter op te tree.

7.3 'n Eenvoudige meerderheid van 51% van die stemgeregtigde lede vorm 'n kworum. 'n Kworum word bepaal volgens die volle getal van verkose verteenwoordigers van die wykskomitee.

7.4 Die wykskomitee moet poog om sake op die agenda deur konsensus op te los.

7.5 Indien konsensus nie bereik kan word nie, moet die saak deur middel van stemming opgelos word.

7.6 Die voorsitter het 'n beslissende stem in die geval van 'n staking van stemme.

7.7 Die PR-raadslid wat 'n ex officio-lid in die wykskomitee is, kan aan die beraadslagings van die wykskomitee deelneem sonder die reg om te stem.

7.8 Die ordereëls wat op die hou van subraadsvergaderings van toepassing is, geld met die nodige veranderinge vir die wykskomiteevergaderings.

8. ADMINISTRATIEWE REËLINGS

Die Raad moet sodanige hulpbronne as wat vereis kan word, deur die subrade beskikbaar stel ten einde geskikte administratiewe ondersteuning vir die behoorlike funksionering van die wykskomitees te voorsien.